# Landbou se sukses ondersteun verbruiker se koopkrag



**Wanneer 'n mens geldeenhede vergelyk, moet jy nie net na die wisselkoers kyk nie, maar veral na wat jy met die geld kan koop. Wat koopkragpariteit betref, is die rand een van die mees onderwaardeerde geldeenhede ter wêreld.**
**– WESSEL LEMMER**

As jy naby aan 50 is, is die kans goed dat jy kinders oorsee het en familie en vriende ken wat daar woon en werk. Dan is dit nie net die waarde van die rand wat vir jou as produsent saak maak nie, maar die betekenis van koopkrag kry vir jou as verbruiker 'n nuwe dimensie.

John Thornton en Leo Delaney het in die vroeë 1980's uit Brittanje na Suid-Afrika geëmigreer en in 1997 saam in Johannesburg 'n vleisgroothandelaar begin bedryf. John verkoop tans droëwors teen R220/kg.

Kyle Hodson, 'n Suid-Afrikaner, het in 2016 na Nederland verhuis en het vir homself biltong begin maak. Dit het gegroei tot 'n onderneming wat tans biltong reg oor die eurogebied verkoop. Kyle verkoop droëwors teen R900/kg (teen die wisselkoers van R17,15/€).

Die rand verhandel vir R17 teenoor die euro, maar die markwisselkoers vir biltong is 4 tot 1 en nie 17 tot 1 nie. Daar is dus heelwat meer vertroue in die markwaarde van biltong as die geldwaarde van die rand.

As jy vir jou kinders 1 kg droëwors van R220 Nederland toe sou stuur saam met 'n vriend, voeg jy meer waarde tot jou kinders se welvaart toe as wanneer jy €12,94 (gelykstaande aan R220) saam met die vriend stuur sodat hulle self 1 kg droëwors in Amsterdam by Kyle gaan koop. Kyle verkoop droëwors teen €7,82/150 g en sal vir hulle in sy slaghuis in Amstelveen net 250 g droëwors uitweeg.

Jou koopkrag in Nederland ten opsigte van droëwors is 'n kwart van wat dit in Suid-Afrika is. Gegrond op die waarde van droëwors is die rand teenoor die euro met 75% onderwaardeer. Ekonome vergelyk koopkrag en beskryf dit as koopkragpariteit.

Koopkragpariteit impliseer dat die wisselkoers (R/€) deur die waarde van goedere bepaal word wat daardie geldeenheid kan koop. Die verskil in die plaaslike prys, soos in die voorbeeld van droëwors of 'n Big Mac-burger, wys wat die R/€-wisselkoers behoort te wees. Deur 'n soortgelyke produk soos droëwors te gebruik, kan beraam word hoeveel die rand se waarde teenoor ander geldeenhede onderwaardeer is.

Volgens die Big Mac-verslag in Julie kos 'n Big Mac-burger in Suid-Afrika R33,50 teenoor $5,65 vir 'n Big Mac-burger in Amerika. Volgens *Burgereconomics* is die geïmpliseerde wisselkoers R5,93/$. Die verskil tussen R5,93/$ en die werklike wisselkoers van R14,66 impliseer dat die rand teenoor die dollar met 60% onderwaardeer is.

Van die 57 geldeenhede wat vergelyk is (Amerika en die eurogebied ingesluit), is die rand naas die Russiese roebel en Libanese pond die geldeenheid wat die meeste onderwaardeer is.

Koopkragpariteit suggereer dat die rand op lang termyn moet versterk. Suid-Afrika se ekonomiese groei en die bydrae wat die gemiddelde individu tot die land se ekonomiese groei lewer, is egter te swak.

Jou koopkrag teenoor ander lande waar van jou familie en vriende gevestig is, sal slegs versterk as elkeen in Suid-Afrika sy deel doen en harder begin werk vir die geadministreerde loon wat arbeid daarvoor vergoed word. Jou koopkrag sal versterk as voldoende, volhoubare elektrisiteit sonder onderbrekings, ontploffings en met die nodige kundigheid aan nywerhede gelewer kan word. Die nywerhede se produksie word deur die beskikbaarheid van energie soos elektrisiteit beperk.

'n Doeltreffende polisiemag verlaag nie net die koste aan misdaad nie, maar voorkom dat misdaad en die stroping van infrastruktuur en pakhuise plaasvind en ongunstige persepsies oor Suid-Afrika onder beleggers oorsee posvat. Die gebrek aan beheer oor misdaad skep 'n negatiwiteit onder onderskrywers van versekering oorsee. Plaaslike versekeringspremies verhoog, kredietagentskappe verlaag hul kredietgraderings van Suid-Afrika, en finansieringsrisiko verhoog met die rentekoers wat kan begin styg om met risiko tred te hou.

Landbouproduksie word tans deur die uitstekende reënvalpatrone bevoordeel en produksie verhoog. Die beskikbaarheid en vinnige aanvaarding van tegnologie deur produsente verhoog landbouproduktiwiteit deur die eenheidinsetkoste te verlaag.

Die verhoogde produksie van graan en oliesade vloei deur die silo's en word uitgevoer. Meer mense moet in diens geneem word om die verhoogde produksie en uitvoer te behartig. Voldoende infrastruktuur soos sylyne, taklyne, hoofspoorlyne, paaie en hawens kan die transaksiekoste vir handel verlaag. Dit moet verbeter.

Die waarde van 'n land se geldeenheid weerspieël die persepsie wat die res van die wêreld van daardie land het. Die rand is swak omdat die vraag daarna swak is. Sodra belangstelling in Suid-Afrika ten opsigte van handel en belegging toeneem, versterk die rand. Ons sien dit nou weer met die wêreld se belangstelling in Suid-Afrika se graan-, sitrus- en vrugte-uitvoer.

As jy weer vir jou kinders 'n geskenk oorsee wil stuur, wees dankbaar teenoor die landbou en die wonder van die klimaat wat jou koopkrag ondersteun en hul welvaart in die vreemde deur jou geskenkie 'n hupstoot gee. **LBW**